Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2021-04-08

Geagte ouers

NUUSBRIEF 8/2021

AKADEMIE

Formele assessering: Die toetsreeks vir die eerste kwartaal word op 9 April afgehandel. Akademiese rapporte word op Donderdag 22 April aan die B-groep en op Vrydag 23 April aan die A-groep leerders uitgedeel.

Skole vakansie: Die B-groep se laaste dag van die kwartaal is Donderdag 22 April. Hulle verdaag op hul gewone tye. Skole heropen op Maandag 3 Mei vir die B-groep. Die A-groep se laaste dag van die kwartaal is Vrydag 23 April. Hulle verdaag om 10:00. Skole heropen op Dinsdag 4 Mei vir die A-groep.

Skooluniform: Wanneer die skole in Mei heropen, dra alle leerders hul winter skooluniform. Intussen sal leerders toegelaat word om reeds nou op koue dae hul volle wintersdrag en op warm dae hul somersdrag skool toe aan te trek.

SPORT EN KULTUUR

Nuutste Direktief vanaf die Departement van Onderwys i.s. Buitemuurse aktiwiteite:

"(1A) The following activities are permitted and may resume, without any spectators, ...

- *(a) School sport matches;*
- *(b) Physical education;*
- *(c) Extra-curricular activities; and*
- *(d) Inter-school, district, provincial and national sport tournaments*

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

---

(5) (a) .... sport matches that require learners to travel to other schools or provinces may resume without spectators.

(6) .... speech contests, debates and school clubs may resume activities, without spectators.

(8) (a) .... choir practise or rehearsals, choir competitions and inter-school choir events may resume, without spectators."

Buitemuurse aktiwiteite: U ontvang 'n nuwe wintersport rooster wat Maandag 12 April 2021 in aanvang neem saam met hierdie nuusbrief. Leerders wat nie die dag by die skool was nie (Skooldag by die huis), mag die oefeninge bywoon en moet om 13:45 by die rugbyveldhek in Piet Uysstraat rapporteer.

Ons gaan egter geen kanse neem nie. Alle aktiwiteite vind sonder toeskouers plaas en is afhangend van die skool se vermoë om alle COVID-19 protokolle te kan handhaaf. Speler veiligheid bly ons prioriteit en daarom volg ons die amptelike hervattings protokolle van die verskillende sportliggame.

Netbal: Proewe om die Stulting o/12- en o/13-spelers te identifiseer vind Donderdag 8 April 2021 plaas. Die Humansdorp-soneproewe vind op 20 April plaas terwyl die Kougaproewe op 4 Mei sal plaasvind.

Rugby: o/9-, o/11- en o/13-proewe vind op Donderdag 6 Mei plaas. Meer inligting sal later aan hierdie spelers deurgegee word.

Stultinggroete



C.J. Coetzer
SKOOLHOOF